Titel: Oorwinning deur Waaksaamheid III
Pastoor: Fred May
Datum: 1 Februarie 2009
Time: 09:00

I Petrus 5:8
8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.

Die eise van oorlogvoering:
- visie
- gevegsreëls
- doelwit
- strategie
- wapens

1. Visie

- Lewe

  Johannes 10:10
  10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

- Die Koninkryk

  I Korinthiërs 15:24-26
  24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. 25 Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. 26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

  Genesis 3:15
  15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

- Christus se ewige doel

  I Johannes 3:8b
  8 Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

- Kennis van heerlikheid

  Jesaja 60:2
  2 Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóu sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word.

  Habakuk 2:14
  14 Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die HERE soos die waters die seebodem oordek.

  Hosea 4:6a
  6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis;